

2021

*Toelatingsvereistes vir
Voorgaadse Programme*



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

KLIK EN BELEEF MATIES!



Verken jou keuses by Stellenbosch Universiteit!

Besoek www.maties.com > **Wat kan ek studeer?** of kom na ons **Opedag op Saterdag, 29 Februarie 2020**, van 9:00 tot 16:00 op die Universiteit se Stellenbosch- en Tygerbergkampusse.

Lees oor veeltaligheid by die Universiteit by www.sun.ac.za/taal. Vir hulp met jou studiekeuse, kyk Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, bladsy 4.



Let op die sluitingsdatum vir aansoeke.

Vir alle programme en koshuisverblyf: **Dinsdag, 30 Junie 2020.**



Kies jou program.

By Stellenbosch kan jy drie programme kies. Lees asseblief die instruksies oor hoe om 'n program te kies by www.maties.com > **Aansoek** > **Kies jou program.**

Kyk Universiteit Stellenbosch se aanbod van studieprogramme en toelatingsvereistes per fakulteit in hierdie brosjure:

FAKULTEIT

BLADSY

 AgriWetenskappe	6
 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	8
 Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	12
 Ingenieurswese	14
 Krygskunde	16
 Lettere en Sosiale Wetenskappe	17
 Natuurwetenskappe	21
 Opvoedkunde	24
 Regsgeleerdheid	26
 Teologie	28

Lees oor ons oorbruggingsprogram SciMathUS by www.sun.ac.za/english/faculty/education/suncep/ > **University Preparation** > **SciMathUS** of by www.facebook.com/SciMathUS.

Kontak Adele Pool by **021 808 3032** of Noni Kulati by **021 808 2301**. E-pos: bridging@sun.ac.za



Doen aansoek vir toelating tot 'n program en, indien verlang, ook vir 'n plek in 'n Universiteitskoshuis.

- Voltooi die e-aansoek by www.maties.com.
- Of kry 'n papieraansoekvorm by **021 808 9111** of by info@sun.ac.za.
- Sodra jy jou aansoek inlewer, ontvang jy jou **studentenommer** (gebruikersnaam) en **SUN-wagwoord** sodat jy jou ondersteunende dokumente kan oplaai en jou aansoekstatus kan nagaan.

Vir inligting oor verblyf in Universiteitskoshuise, kyk www.maties.com > **Verblyf**, en vir ons plasingbeleid > **Koshuisplasingbeleid**.



Maak seker dat jy al die vereiste aansoekdokumente inlewer.

Laai al die vereiste aansoekdokumente aanlyn op by www.maties.com > **Aansoek** > **Status van aansoek** voor die sluitingsdatums. Onvolledige aansoeke kan nie vir toelating oorweeg word nie.



Bespreek jou plek vir die Nasionale Normtoetse by www.nbt.ac.za.

Skrif die Nasionale Normtoetse (NNT's) **wat by die program van jou keuse aangegee word**: Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheid (AQL – toets taalvaardigheid en syfervaardigheid) en/of Wiskunde (MAT). Vir meer inligting, besoek www.maties.com > **Aansoek** > **Nasionale Normtoetse**.

Let op: Wanneer jy vir 'n program in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Regs-geleerheid aansoek doen, moet jy die NNT's **voor 30 Junie 2020** skryf om vir keuring in aanmerking te kom.



Doen vir 'n beurs aansoek.

Nadat jy jou studentenommer ontvang het, kan jy vir 'n beurs of lening aansoek doen. Vir NSFAS- finansiële ondersteuning, doen vanaf **1 September tot 30 November 2020** direk op die NSFAS-webwerf by www.nsfas.org.za aansoek.

Om jou kans op finansiële hulp te verbeter, doen ook met jou studentenommer aanlyn aansoek by www.maties.com vir 'n beurs of lening deur die Universiteit Stellenbosch:

- Die sluitingsdatum vir alle beurse en beurslenings deur die Universiteit geadmistreer: **31 Augustus 2020**.
- Die sluitingsdatum vir beurse van privaat maatskappye wissel. Raadpleeg die Jaarboek Beurse en Lenings, Deel 2.
- Vir die koste van jou program, kyk www.maties.com > **Gelde**. Vir beskikbare beurse, kyk > **Beurse en Lenings**.



Gaan die status van jou aansoek om toelating en, indien van toepassing, om huisvesting na.

Besoek www.maties.com > **Aansoek** > **Status van aansoek**.

Teken in met jou studentenommer en SUN-wagwoord. Indien jy vir koshuisverblyf aansoek gedoen het, kyk of jy suksesvol was by www.maties.com > **Verblyf** > **Status van aansoek**.



Kom na ons groot Verwelkomingsweek vroeg in 2021!

Raak gou tuis op die kampus! Indien jy voorwaardelik tot 'n studieprogram toegelaat is, sal die Universiteit vir jou besonderhede stuur oor wanneer en waar jy kan registreer en op Stellenbosch moet aanmeld vir die Verwelkomingsprogram. Hierdie inligting word van November af ook op ons webwerf gepubliseer.



KLIËNTEDIENSSENTRUM

Tel: 021 808 9111 | E-pos: info@sun.ac.za | Gesels aanlyn: www.maties.com > **VraUS** > **Let's talk...online**.



VERKEN JOU STUDIEKEUSES BY DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

SENTRUM VIR STUDENTEWERWING EN LOOPBAANADVIES

Hoe weet jy vir seker dat Maties die regte plek vir jou studies is? Kom beleef dit! Kom kuier op die kampusse en ontdek die aantreklikhede, die tradisies en die Maties manier van doen. Kom vind uit hoe om aansoek te doen, wat die vereistes is, waar jy om finansiële hulp kan aanklop en baie meer.

Ons is die Sentrum vir Studentewerwing (SSW) en ons is hier om jou tuis te laat voel!

Universiteit Stellenbosch Opedag: Saterdag, 29 Februarie 2020

Op ons jaarlikse Opedag verwelkom ons graag graad 11- en 12-leerders, ouers, onderwysers en voorligters op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse. Kom en woon spesiaal voorbereide uitstallings en demonstrasies in wêreldklasfasiliteite by. Besoek ons pragtige kampus en ervaar die polsende studentegemeenskappe en koshuise. Bly op hoogte: besoek www.maties.com.

Adviseursdienste en selfbegeleide kampustoere

'n SSW-adviseur sal die een-tot-een inligtingsessie lei. Die sessie word gestruktureer om jou oorsig te gee van die Universiteit Stellenbosch se aansoekproses, toelatingsvereistes, finansiële hulp en studentelewe. 'n Opsionele selfbegeleide kampustoeer met 'n kampuskaart om ons pragtige kampus te verken, is beskikbaar.

Ons bied ook virtuele adviseursessies aan vir voornemende Maties wat nie die kampus in persoon kan besoek nie. Platforms wat vir hierdie sessies gebruik word: WhatsApp en Facebook Messenger video-oproep. Ons verwelkom graag skoolgroepe op kampus. Elke besoek word volgens die groep se spesifieke behoeftes gestruktureer.

Vooraf bespreking is noodsaaklik. Bespreek by: csr@sun.ac.za.

Loopbaanadvies

Dis altyd goed om keuses te hê, maar die magdom van programme, vakke en loopbaanopsies kan nogal oorweldigend wees. Kort jy 'n bietjie hulp om op 'n rigting te besluit? Klop dan aan by die Universiteit Stellenbosch se professionele loopbaanadviesdiens.

Maak 'n afspraak by csr@sun.ac.za met enige van ons sielkundiges vir psigometriese assessering en 'n individuele terugvoersessie vir die volgende:

- Vakkeusevoorligting vir graad 9-leerders
- Loopbaanvoorligting vir graad 11- en 12-leerders

Steeds onseker oor watter loopbaan om te kies? Maak gebruik van ons gratis loopbaanassessering-hulpbronne by www.gostudy.net/maties.

Volg ons

Facebook: www.facebook.com/stellenboschuniversity

Twitter: @StellenboschUni

Instagram: www.instagram.com/stellenboschuni/

Youtube: www.youtube.com/user/stellenboschuni





UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STUDIËPROGRAMME

TOELATING TOT DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Universiteit Stellenbosch kry meer aansoeke as waarvoor daar plek is. Al voldoen jy dus aan die minimum toelatingsvereistes van 'n program, is dit nie 'n waarborg dat jy in die program van jou keuse 'n plek gaan kry nie. Al die Universiteit se programme is keuringsprogramme en aansoekers word volgens die fakulteite se keuringsriglyne gekeur (kyk www.maties.com > **Aansoek** > **Toelating- en keuringsvereistes**).

Basiese toelatingsvereistes vir universiteitstudie

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Independent Examinations Board (IEB-) skoolleindsertifikaat soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudie
- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNT's) volgens jou programkeuse
Let op: Wanneer jy aansoek doen vir 'n program in die fakulteite Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, moet die NNT's voor 30 Junie geskryf word om vir keuring in aanmerking te kom.
- Kyk verdere spesifieke minimum toelatingsvereistes by die individuele programme
- Kyk die fakulteite se keuringsriglyne op www.maties.com > **Toelating** > **Toelating en keuring**

Internasionale aansoekers

Die studierekord van aansoekers wat met 'n internasionale kwalifikasie aansoek doen, sal deur die Toelating-skantoor in samewerking met Stellenbosch Universiteit Internasionaal evalueer word. Meer inligting vir aansoekers met internasionale kwalifikasies is beskikbaar by www.maties.com > **Aansoek** > **Internasionale kurrikulums**.

Voorwaardelike toelating

Indien jy nog nie die finale matrikulasie-eksamen geskryf het nie wanneer jy aansoek om toelating doen, gebruik die Universiteit jou graad II-eindeksamenpunte om jou voorwaardelik tot 'n program toe te laat. Voorwaardelike toelating beteken dat jy toegelaat word op die voorwaarde dat jou finale eksamenuitslae voldoen aan die basiese toelatingsvereistes van die Universiteit én die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor jy aansoek doen. Eers dan kan die Universiteit jou toelating finaliseer.

Vrywaring

Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig gegee as wat na ons beste wete teen druktyd in Desember 2019 moontlik was. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te bevestig. Die nuutste inligting is beskikbaar op www.maties.com en by die telefoonnummers in hierdie brosjure.

Afkortings

IEB = Independent Examinations Board

NNT's = Nasionale Normtoetse

NSS = Nasionale Senior Sertifikaat

VGP's = verlengde graadprogramme





FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

Toelating en keuring: Aansoekers wat aan die minimum vereistes vir 'n program voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne op www.maties.com > **Toelating en keuring** gekeur.

BAgric in Agribesigheidsbestuur (3 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

BSc in Bewaringsekologie (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

BSc in Bosbou (Bosbou en Houtwetenskappe) (BScBosb) (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Kyk ook die bykomende toelatingsvereistes by spesifieke rigtings.

BScAgric in Diereproduksiestelsels (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

BScAgric in Landbou-Ekonomie (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

Rigtings

- Bosbou- en Natuurlikehulpbronwetenskappe
 - Wiskunde 60%
 - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%
- Hout- en Houtprodukkunde
 - Wiskunde 70%
 - Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 60%

Rigting

- Veekunde

Rigtings

- Landbou-ekonomiese Analise
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur
- Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur met Voedselwetenskap
- Landbou-ekonomie met Voedselwetenskap

BAgric in Landbouproduksie en -bestuur: Elsenburg (3 jaar)

Hierdie program word in samewerking met die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg aangebied. Studente woon op die Elsenburg-kampus waar hulle al hul opleiding ontvang. Meer inligting oor die program by **021 808 7700**.

- Skryf die NNT's AQL (alle studente) en, indien jy Wiskunde as skoolvak het, ook MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 55% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50% OF Lewenswetenskappe 50% OF Landbouwetenskappe 50%

Rigtings

- Diereproduksie
- Kelderbestuur
- Keldertegnologie
- Plantproduksie
- Plant- en Diereproduksie
- Voorligting en Diereproduksie
- Voorligting en Plantproduksie

BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%
- Kyk die verhoogde toelatingsvereiste vir die rigting Grond en Waterbestuur

Rigtings

- Gewasproduksiestelsels
 - Gewasproduksiestelsels met Agronomie, Landbou-ekonomie en Veekunde
 - Gewasbeskerming en -teling
 - Grond- en Waterbestuur
- Indien jy in hierdie rigting Grondkunde en Chemie as hoofvakke neem:**
- Wiskunde 70%

BSc in Voedselwetenskap (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

BScAgric in Wingerd- en Wynkunde (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%

Verlengde Graadprogramme (VGP's)

'n VGP behels een bykomende studiejaar. Met die uitsondering van BAgric in Landbouproduksie en -bestuur: Elsenburg word al die bogenoemde programme ook as verlengde programme aangebied.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde tussen 55% en 59,9%
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) tussen 45% en 49,9%
- NNT-uitslag tussen 33% en 47%

Vir die BScAgric met Grondkunde en Chemie as hoofvakke, soos bo MAAR:

- Wiskunde tussen 60% en 69,9%

Vir die BScBosb (rigting Hout- en Houtproduksie), soos bo MAAR:

- Wiskunde tussen 60% en 69,9% EN
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) tussen 55% en 59,9%



FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSAPPE

Sedert sy totstandkoming in 1925 het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) van slegs 15 studente tot meer as 8 500 gegroei. Dit is die grootste van die Universiteit Stellenbosch se tien fakulteite. Die Fakulteit lewer goed opgeleide en afgeronde gegradueerdes wat in staat is om die sakektor as vooraanstaande sakeleiers en entrepreneurs te dien.

Onderrigtaal

Die eerste jaar van alle voorgraadse programme word in parallelmediumonderrig aangebied (Afrikaans en Engelse klasse word in aparte groepe aangebied), met enkele uitsonderings waar modules slegs in Engels aangebied word. In die tweede en derde jaar kan die taal van onderrig van module tot module verskil en een, of 'n kombinasie, van die volgende insluit: parallelmedium; Engels, met ondersteuning in Afrikaans; of by uitsondering slegs Engels. Die Fakulteit het een voorgraadse program, die BRek-graad-program, wat volledig in Afrikaans en Engels in aparte klasse aangebied word (parallelmediumonderrig).

Keuring

Aansoekers moet in die eerste plek voldoen aan die toelatingsvereistes van die program waarvoor hulle aansoek doen (kyk "Voorwaardelike toelating" op bladsy 5). Toelatingsvereistes word jaarliks hersien. Vir die jongste inligting oor toelatingsvereistes en keuringsriglyne, besoek www.maties.com > Wat kan ek studeer? > Voorgraads > Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Aansoekers wat onseker is of hulle aan die toelatingsvereistes sal voldoen, word aangeraai om wel aansoek te doen vir die program van hul keuse. Hulle kan moontlik vir 'n ander program kwalifiseer wanneer hul graad 12-uitslae beskikbaar is.

Nasionale Normtoetse (NNT's)

Aansoekers wat die graad 12-eindeksamen van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) skryf, se NNT-uitslae word nie as toelatingskriteria gebruik of om keuringspunte te bereken nie. Vir aansoekers wat uit 'n ander skoolstelsel kom, kan dit wel daarvoor gebruik word. Waar nodig, kan NNT-punte gebruik word vir plasingbesluite in spesifieke programme (bv. die verlengde graadprogram).

Alle eerstejaarsaansoekers wat aan een of meer van die volgende kriteria voldoen, moet al die beskikbare NNT's skryf:

- 'n gemiddelde aansoekpunt (graad 11 of 12) tussen 60% en 69% (Lewensoriëntering uitgesluit); en/of
- 'n Wiskundepunt tussen 50% en 59%; en/of
- aansoekers wat aansoek doen vir programme met 'n regsfokus, nl. BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB; en/of
- aansoekers wat tuis onderrig word.

Programvernuwing

Alle voorgraadse programme van die Fakulteit is tans aan programvernuwing onderhewig. Dis moontlik dat die aanbod – veral ten opsigte van fokusareas in programme – kan wysig. Voornemende studente word aangeraai om die fakulteit se inligting op www.maties.com dop te hou vir die jongste inligting oor programvernuwing.

Fokusareas

Fokusareas help studente om 'n spesifieke loopbaanfokus binne die BCom-program te kies. Die fokusarea is nie 'n program nie en die modulekombinasie is slegs 'n aanbeveling om studente op 'n loopbaan voor te berei. Fokusareas word eers in die tweede jaar by registrasie gekies.

VOORGRAADSE DIPLOMAPROGRAM REGISTRASIE

Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (3 jaar)

Kandidate word gekeur op grond van akademiese meriete en 'n geskrewe motivering as deel van die departementele aansoekvorm. Tot 30 studente word gekeur. Die onderrigtaal is Engels.

- Skryf van die NNT AQL word aanbeveel; die NNT MAT hoef nie geskryf te word nie
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 55% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 60%
- Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60%

GRAADPROGRAMME MET 'N REGSFOKUS

Vir toelatingsvereistes, kyk by die Fakulteit Regsgeleerdheid, bladsy 27.

BCom (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

BRekLLB (5 jaar)

BREË GRAADPROGRAMME MET VERSKEIE BEROEPSFOKUSSE

BCom (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%



BCom (Bestuurswetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

Fokusareas:

Let op: Hierdie fokusareas kan moontlik skuif na die program BCom (Bestuurswetenskappe) in 2021.

- Beleggingsbestuur (*Die leerplan is gebaseer op dié van die internasionaal gesogte 'Chartered Financial Analyst'.*)
- Finansiële Beplanning (*Vir die internasionaal erkende kwalifikasie 'Certified Financial Planner' (CFP), volg op met die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning en skryf die toelatingseksamen.*)
- Landbou-ekonomie
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur

Fokusareas:

- Bemerkingsbestuur
- Besigheidsanalities
- Entrepreneurskap en Innovasie
- Finansiële Bestuur
- Informatiesistelsbestuur
- Logistieke Bestuur
- Menslikehulpbronbestuur

BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengde Graadprogram (VGP) (4 jaar)

Die verlengde graadprogram (VGP) beteken een ekstra jaar van studie. As jou punte nie aan die toelatingsvereistes vir 'n hoofstroomprogram voldoen nie, maar wel vir die VGP s'n, kan jy vir hierdie program aansoek doen. Die Fakulteit kan NNT-uitslae gebruik om besluite oor plasing in die VGP te neem. Slegs sosio-ekonomies (SES) en opvoedkundig agtergestelde kandidate sal vir hierdie program oorweeg word. Kyk die toelatingsbeleid en SES-oorewegings by www.sun.ac.za > **Wie is ons** > **US Beleide** > **Toelatingsbeleid**.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 50%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Addisionele Taal 60%

BCom (Ekonomiese Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

BCom (Wiskundige Wetenskappe) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 75%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Addisionele Taal 60%

BCom (Internasionale Besigheid) (4 jaar)

'n Beperkte getal studente word gekeur deur middel van 'n spesifieke keuringsproses. Die derde studiejaar sluit 'n uitruilsemester by 'n internasionale vennootuniversiteit in. Die onderrigtaal is Engels.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 80% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 70%
- Engels Huistaal 70% OF Engels Eerste Addisionele Taal 80%
- Enige addisionele taal 70%

Fokusareas:

- Ekonometrie
- Ekonomiese en Bestuurskonsultasie
- Finansiële Sektor
- Vervoerekonomie

Fokusareas:

- Datawetenskap
- Finansiële Risikobestuur
- Operasionele Navorsing

GRAADPROGRAMME VIR PROFESSIONELE REGISTRASIE

Vir die jongste inligting oor programvernuwing, besoek www.maties.com > **Wat kan ek studeer?** > **Voorgraads** > **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.**

BCom (Aktuariële Wetenskap) (3 jaar)

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 80% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 80%
- Huistaal 60%
- Indien Engels nie die huistaal is nie, Engels Eerste Addisionele Taal 75%

BCom (Bedryfsielkunde) (3 jaar)

Statutêre registrasie as Psigometris of Bedryfsielkundige by die Raad op Gesondheidsberoepse van Suid-Afrika (RGSA) word verkry na verdere studie, 'n internskap en deur die toepaslike professionele raadseksamen te slaag.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

BRek (3 jaar)

Klasse is in Afrikaans en in Engels (parallelmediumonderrig) in al drie jaar. Jy verkry die professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Rekenmeester as jy die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) en/of die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) slaag.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 70% OF Wiskunde 60% én Rekeningkunde 70%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

BCom (Bestuursrekeningkunde) (3 jaar)

Om die internasionaal erkende rekeningkundige kwalifikasie van Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester te verkry, moet jy die eksamens van die Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (CIMA, Londen) slaag.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

BCom (Finansiële Rekeningkunde) (3 jaar)

Om die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeester te verkry, moet jy die eksamens van die Geoktrooieerde Vereniging van Gesertifiseerde Rekenmeesters (ACCA, Londen) slaag.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%



FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSAPPE

Ons programme is geakkrediteer vir professionele registrasie deur beroepsriggame soos die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGSA) en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV).

Keuring

Alle aansoekers moet voldoen aan die minimum toelatingsvereistes vir die program waarvoor hul aansoek doen. Aansoekers word in een van die volgende kategorieë oorweeg:

1. Huidige leerders (graad 12) en gematrikuleerdes word gekeur op grond van hul akademiese skoolprestasie en hul prestasie in die Nasionale Normtoetse (NNT's).
2. Geregistreeerde universiteitstudente (vir MBChB word slegs geregistreeerde US-studente oorweeg) word op sowel akademiese meriete as nieakademiese prestasies gekeur, soos in die riglyne per program aangedui.
3. Aansoekers met naskoolse kwalifikasies en/of beroepservaring word op sowel akademiese meriete as nieakademiese prestasies gekeur, soos in die riglyne per program aangedui.

Keuringsriglyne en bykomende aansoekdokumente

Ons Fakulteit se keuringsriglyne is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Toelatings- en keuringsvereistes. Die vereiste bykomende aansoekvorms vir elke program is beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente.

Sluitingsdatums

Aansoeke open jaarliks op **1 Maart** en sluit op **30 Junie**. Aansoeke deur geregistreeerde US-studente sluit op **30 September**.

MBChB (6 jaar)

±290 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere twee jaar van internskap en 'n gemeenskapsdiens- jaar kan jy in die kategorie Onafhanklike Mediese Praktisyn by die RGSA registreer.

Let op: Die MBChB-program se leerplan ondergaan tans vernouing en, indien sy akkreditasie deur die RGSA goedgekeur word, sal dit in 2021 ingestel word.

- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNT's) AQL en MAT teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 70% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 60%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Lewenswetenskappe 50%

B in Verpleeg- en Verloskunde (4 jaar)

±50 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Verpleeg- en Verloskundige by die SARV registreer.

Let op: Die program se naam sal verander na B in Verpleegkunde sodra ons goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ontvang is.

- Skryf die NNT's AQL en MAT teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 50% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 40%
- Lewenswetenskappe 50%

B in Arbeidsterapie (4 jaar)

±50 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Arbeidsterapeut by die (RGSA) registreer.

- Skryf die NNT's AQL en MAT teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 50% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 40%
- Lewenswetenskappe 50%

BSc in Dieetkunde (4 jaar)

±35 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Dieetkundige by die RGSA registreer.

- Skryf die NNT's AQL en MAT teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 50% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Lewenswetenskappe 50%
- Voltooi die *Kliniesebesoekvorm vir Dieetkunde* en lewer dit teen **31 Julie** in

BSc in Fisioterapie (4 jaar)

±55 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Fisioterapeut by die RGSA registreer.

- Skryf die NNT's AQL en MAT teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 60% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Lewenswetenskappe 50%

B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (4 jaar)

±30 kandidate word jaarliks gekeur. Ná 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Spraak-taal-terapeut by die RGSA registreer.

- Skryf die NNT's AQL teen **30 Junie**
- 'n Gemiddelde van minstens 60% vir die NSS of 'n gelykstaande kwalifikasie (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Fisiese Wetenskappe OF Lewenswetenskappe 50%
- Ten minste TWEE van die volgende DRIE tale (Huis taal of Eerste Addisionele Taal) 60%:
Engels EN/OF Afrikaans EN/OF 'n derde taal
- Voltooi die *Kliniesebesoekvorm vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie* en lewer dit teen **31 Julie** in



FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Die BIng-programme is deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) geakkrediteer vir registrasie van gegradueerdes as Professionele Ingenieur, ná verwerwing van toepaslike ondervinding in die praktyk.

Ingenieurswese-Winterweek

Kom ervaar die lewe van 'n Ingenieurswesestudent en ingenieur in die Junie-/Julie-skoolvakansie! Meer inligting by www1.sun.ac.za/winterweek.

Onderrigtaal

Alle lesings word ten minste in Engels aangebied en in die meeste modules van die eerste jaar ook in Afrikaans (in parallelle sessies). Vraestelle is beskikbaar in Afrikaans en Engels, en studente kan in hul voorkeurtaal werkstukke opstel en vraestelle antwoord. Vir meer inligting, kyk by www.eng.sun.ac.za > **Current students** > **Language policy and implementation plans**

Minimum toelatingsvereistes vir die vierjarige BIng-programme

- Skryf die NNTs AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 70%
- Fisiese Wetenskappe 60%
- Engels Huistaal 50%, met geen Afrikaanse vereiste nie, OF Engels Eerste Addisionele Taal 60%, met geen Afrikaanse vereiste nie, OF Engels Eerste Addisionele Taal 50% met Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 50% met Afrikaans Tweede Addisionele Taal 60%
- Aansoekers word volgens keuringskriteria gekeur

Keuringskriteria vir die vierjarige BIng-programme

Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne (kyk www.maties.com > **Aansoek** > **Toelating- en keurings- vereistes**) word jou keuringstelling met die punte (uit 100) vir jou graad 11-vakke (vir voorwaardelike keuring) of graad 12-vakke (vir finale keuring) soos volg bereken:

Keuringspunt = Wiskunde-persentasie + Fisiese Wetenskappe-persentasie + (6 x Matriekgemiddelde)

Die Matriekgemiddelde is die gemiddelde van jou ses beste vakke, Lewensoriëntering uitgesluit. Die hoogste telling maontlik is 800. Let daarop dat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe ook gewoonlik by die gemiddeld ingereken word.

Oor die afgelope paar jaar het 'n keuringstelling van 600 of meer aan 'n student 'n goeie kans op toelating in sommige programme gegee, maar in ander programme was 640 of meer nodig. Anders gestel, as jou Wiskundepunt en gemiddelde bo 76 en jou punt vir Fisiese Wetenskappe bo 65 is, gee dit jou 'n redelike kans op keuring vir sommige programme, maar vir ander programme sal 'n Wiskundepunt en gemiddelde van ten minste 80, saam met 'n Fisiese Wetenskappe-punt van ten minste 70, nodig wees.

BIng (Bedryfs) (4 jaar)

BIng (Chemies) (4 jaar)

BIng (Elektries en Elektronies) (4 jaar)

BIng (Meganies) (4 jaar)

BIng (Megatronies) (4 jaar)

BIng (Siviel) (4 jaar)

Verlengde BIng-gradprogramme (VGP's) (5 jaar)

Al ons BIng-programme is ook beskikbaar as VGP's, wat een jaar addisionele studie vereis. 'n Beperkte aantal aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes vir die BIng VGP's voldoen, sal vir die VGP's toegelaat word. Voorkeur word verleen aan kandidate uit benadeelde omgewings. Vir meer inligting, kyk www.maties.com > **Wat kan ek studeer?** > **Voorgraads** > **Ingenieurswese**.



FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Hierdie programme, wat toegespits is op nasionale sekerheid en verdediging, word vir gekeurde offisiere van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en ander weermagte aangebied. Elke kandidaat kies 'n program in ooreenstemming met die loopbaanontwikkelingsplan wat vir hom/haar as individu opgestel is deur die weermagdeelteel waarby hy/sy aangesluit het. 'n Aanbeveling deur die Militêre Akademie Keurraad wat die toelatingsvereistes soos bepaal deur die Universiteit en die SANW in ag neem, word vereis vir al die ondergenoemde programme. Die onderrigtaal is Engels.

BMil in Menslike en Organisasie-ontwikkeling (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%

BMil in Organisasie- en Hulpbronbestuur (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%
- Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 50%

BMil in Tegnologie (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%
- Wiskunde 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%

BMil in Tegnologie en Verdedigingsbestuur (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%
- Wiskunde 40%
- Fisiese Wetenskappe 40%

BMil in Veiligheid- en Afrikastudie (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%

BMil in Verdedigingsinligtingstudies (3 jaar)

- 'n NSS met minstens 50% in elk van vier skoolvakke
- Afrikaans OF Engels 50%



FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Ons algemene programme gee jou 'n breë agtergrond vir verskeie beroepe in verbandhoudende velde. Hierteenoor is ons gespesialiseerde programme op spesifieke beroepe gerig. Die programme met 'n # gemerk is ook as 'n verlengde graadprogram beskikbaar.

Algemene minimum toelatingsvereistes

- Skryf die NNT's AQL
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 65% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Kyk verdere minimum toelatingsvereistes by die programme hieronder
- Kyk ook die Fakulteit se keuringsriglyne op www.maties.com > Aansoek > Toelating en keuring

ALGEMENE GRAADPROGRAMME

BA in Geesteswetenskappe# (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%

Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 70%

BA in Taal en Kultuur# (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 50%

Bane:

- Die mens se Denke, Taal, Kultuur en Kuns
- Die Mens en die Samelewing

GESPESIALISEERDE GRAADPROGRAMME

BA in Drama- en Teaterstudie (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 50%
- Keuringsvereistes beskikbaar by www.maties.com > Aansoek > Aansoek-dokumente; of by amm@sun.ac.za
- Kandidate moet gedurende Augustus beskikbaar wees vir 'n oudisie en/of onderhoud by die Dramadepartement in Stellenbosch

Bane:

- Toneelspel en Performance-opleiding
- Tegnieese en Bestuursopleiding

BA in Internasionale Studie# (3 jaar)

- Engels Huistaal 50% OF
- Engels Eerste Addisionele Taal 60%

B in Maatskaplike Werk# (4 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%

BA in Menslike Hulpbronbestuur# (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- Wiskunde 50%

Indien jy Statistiek as universiteitsvak wil neem, dan:

- Wiskunde 60%

B in Musiek (BMus) (4 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 70%

BA in Musiek (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 70%

Bane:

- Uitvoerende Kuns
- Komposisie
- Musiekopvoeding
- Musiektegnologie
- Musiekwetenskap



Diploma in Praktiese Musiek (3jaar)

- Skryf nie die Nasionale Normtoetse nie
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat met minstens 40% in elk van vier skoolvakke (Lewensoriëntering uitgesluit)
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musieksamineringsliggame se Graad III/IV-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek (1 jaar)

- Diploma in Praktiese Musiek met Musiekstudie S 221 en 261
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

Hoër Sertifikaat in Musiek (1 jaar)

- Skryf nie die Nasionale Normtoetse nie
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat
- In die hoofinstrument (of sang) minstens 'n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad V/VI-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musieksamineringsliggame se Graad III/IV-eksamen
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n oudisie en teoretiese toets by die Departement Musiek op Stellenbosch, waartydens hul bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by auditions@sun.ac.za

BA in Ontwikkeling en Omgewing# (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%

Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 70%

Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 60%

BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PPE) (3 jaar)

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- Wiskunde 60%

BA in Regsgeleerdheid

Kyk onder die Fakulteit Regsgeleerdheid.

BA in Sportwetenskap (3 jaar)

Plek vir 80 studente. Bywoning van en deelname aan sportpraktika is verpligtend.

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 70%
- Fisiese Wetenskappe 40% OF Lewenswetenskappe 50%
- Vul die Departement Sportwetenskap se keuringsvraeys en mediese geskiedenis-vorm in en lewer hulle saam met jou aansoek in teen **30 Junie 2020**. Vorms beskikbaar by **021 808 9111** of www.maties.com > **Aansoek** > **Aansoekdokumente**

BA in Visuele Kunste (4 jaar)

Plek vir 60 studente.

- Huistaal 50%
- Eerste Addisionele Taal 40%
- Lewer 'n voorgeskrewe portefeulje van kunswerke in teen 1 September. Voorskrifte vir die portefeulje is beskikbaar by www.maties.com > **Aansoek** > **Aansoekdokumente** of soggens by **021 808 2508**.

Verlengde Graadprogramme (4 jaar)

Alle programme met 'n # gemerk word ook as 'n verlengde graadprogram (VGP) aangebied.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60–64,9% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Aansoekers word vir die VGP's gekeur volgens die oordeel van die Fakulteit

Bane

- Kreatiewe Juweliersware- en Metaalontwerp
- Skone Kunste
- Visuele Kommunikasie-ontwerp



FAKULTEIT NATUURWETENSAPPE

Studente word aangemoedig om hulle driejarige BSc-studie op te volg met 'n honneursgraad, wat hulle in staat stel om erkenning en registrasie (waar van toepassing) as professionele wetenskaplikes te bekom.

Keuring

- Aansoekers vir ons graadprogramme is onderworpe aan keuring (keuringsriglyne by www.maties.com > **Aansoek > Toelating en keuring**) op grond van vasgestelde minimum toelatingsvereistes en die getal studente wat per program geakkommodeer kan word.
- Ons gebruik jou finale graad 11-punte om oor voorwaardelike keuring te besluit. (Kyk “Voorwaardelike keuring” op bladsy 5.) As jy egter aansoek doen nadat jy reeds graad 12 geslaag het, word jou NSS- of gelykstaande skoolindeksamenuitslae gebruik om jou keuringspunt te bereken en kan jy finale toelating kry.

Keuringspunt: [(Wiskunde \times 2) + 5 ander vakke (waarvan ten minste een Afrikaans of Engels moet wees; Lewensorientering uitgesluit)] \div 7

- Indien jou program die vak Fisiese Wetenskappe vereis, moet Fisiese Wetenskappe (of Chemie en Fisika) by hierdie formule ingesluit word.
- Die minimum vereistes vir keuring is 'n keuringspunt van 65 en voldoening aan programspesifieke vereistes vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.
- Kyk “Verlengte graadprogramme” verderaan.

Nota oor toelatingsvereiste vir Wiskunde

Die Wiskundevereiste hang af van jou vakkeuse (kurrikulum) op universiteit.

Indien jy Wiskunde as universiteitsvak neem: • Wiskunde 70%

Indien jy Wiskunde (Bio) as universiteitsvak neem: • Wiskunde 60%

Nota oor Nasionale Normtoetse

Die Fakulteit Natuurwetenskappe sal nie die NNT-uitslae gebruik vir toelating, keuring of plasing in programme nie. Aansoekers hoef dus nie die NNTs in die aansoekjaar af te lê nie. Voornemende studente wat egter voorwaardelike toelating tot die Fakulteit Natuurwetenskappe het, en wat kwalifiseer vir registrasie, moet die Nasionale Normtoetse aflê vóór registrasie. Die Fakulteit sal hierdie uitslae gebruik om eerstejaarstudente in akademiese steungroepe in te deel.

PROGRAMME IN BIOLOGIESE WETENSAPPE

BSc in Biodiversiteit en Ekologie (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 60%

BSc in Menslike Lewenswetenskappe (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Kyk onder die strome vir bykomende stroomspesifieke toelatingsvereistes.

BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bladsy 21)

BSc in Sportwetenskap (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 60%
- Vul die Departement Sportwetenskap se keuringsvraelys en mediese geskiedenis-vorm in en lewer hulle saam met jou aansoek in (beskikbaar by **021 808 4723** of by www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente)

Strome:

- Biologie
 - Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota op bladsy 21)
- Biologie met Sielkunde
 - Wiskunde 60%

PROGRAMME IN FISIESE WETENSAPPE

BSc in Chemie (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 70%

BSc in Fisika (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 70%

BSc in Aardwetenskap (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bl. 21)

Strome:

- Chemie en Polimeerwetenskap
- Chemiese Biologie
- Materiaal tegnologie

Strome:

- Laserfisika (Fisiese), Kernfisika, Stralings- en Gesondheidsfisika
- Laserfisika (Biologiese)
- Teoretiese Fisika

Strome:

- Toegepaste Aardwetenskap
- Geo-omgewingswetenskap

BSc in GeoInformatika (3 jaar)

- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Fisiese Wetenskappe 50%
- Wiskunde 60% of 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bl. 21)

PROGRAM IN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

BSc in Wiskundige Wetenskappe (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 70%

EN

Indien jy Chemie of Fisika as keuse- of verpligte universiteitsvak neem:

- Fisiese Wetenskappe 50%

Strome:

- Abstrakte Wiskunde
- Biowiskunde
 - Opsie 1: met Molekulêre Biologie
 - Opsie 2: met Ekologie
- Finansiële Wiskunde
- Operasionele Navorsing
- Rekenaarwetenskap
 - Opsie 1: met ander tweede hoofvak, uitgesonder Genetika en Geografiese Inligtingstegnologie
 - Opsie 2: met Genetika as tweede hoofvak
 - Opsie 3: met Geografiese Inligtingstegnologie as tweede hoofvak
- Toegepaste Wiskunde
- Wiskunde
- Wiskundige Statistiek

INTERDISSIPLINÊRE BSC-PROGRAM

BSc (3 jaar)

- Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%
- Wiskunde 70%
- Fisiese Wetenskappe 50%

Strome:

- Biomediese Wiskundige Wetenskappe
- Toegepaste Medisinalie Chemie
- Bioinformatika en Berekeningsbiologie

VERLENGDE GRAADPROGRAMME

Al die BSc-programme word ook as verlengde graadprogramme (VGP's) aangebied, wat een bykomende studiejaar behels.

- Toelatingsvereistes soos vir elke BSc-program
- Indien jy reeds voorwaardelik (kyk bladsy 5) toegelaat is tot 'n BSc-program, maar jou finale matriekuitslae voldoen nie aan slegs één van die minimum toelatingsvereistes vir die program nie, kan jy 'n versoek per e-pos rig aan ww@sun.ac.za om oorweeg te word vir toelating tot 'n VGP
- Plekke is beperk; sosio-ekonomies benadeelde kandidate kry voorkeur



FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Die Fakulteit lewer onderwysers wat by uitstek kan voorsien in die uiteenlopende onderwysbehoefes van die breë gemeenskap. Jy kan voorgraadse programme in ander fakulteite opvolg met nagraadse studie in Opvoedkunde (kyk by Nagraadse Onderwys-sertifikaat).

Onderrigtaal

Klasse word meestal tweetalig in Afrikaans en Engels aangebied. Die eerstejaarsmodules maak hoofsaaklik gebruik van tolking of parallelmediumonderrig.

Minimum toelatingsvereistes vir die BEd-programme

- Die Registrateur sal BEd-aanzoekers wat die NNT-eksamen moet aflê, direk kontak
- 'n Gemiddeld van minstens 60% vir die NSS of IEB (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60%

EN

Leerders wat in Afrikaans skoolgegaan het:

- Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 60% EN
- Engels OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%

OF

Leerders wat in Engels skoolgegaan het:

- Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 60% EN
- Afrikaans OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%

BEd (Intermediêrefaseonderrig): Verdere vereistes hang af van die skoolvakke wat jy kies om te onderrig.

Keuring: Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes vir die BEd-programme voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne gekeur. Kyk www.maties.com > **Aansoek > Toelating- en keuringsvereistes.**

BEd (Grondslagfaseonderrig) (4 jaar)

125 plekke in die program.

BEd (Intermediêrefaseonderrig) (4 jaar)

125 plekke in die program. Jy neem Wiskunde (Ond) en kies twee skoolvakke om te onderrig uit die volgende onderrigmodules (let op die bykomende toelatingsvereistes vir party onderrigmodules):

- Lewensvaardighede
- Natuurwetenskappe (Ond)
 - Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe 50%
- Sosiale Wetenskappe (Ond)
 - Geskiedenis of Geografie 50%

Let op: Wiskunde (Ond) is verpligtend in die eerste jaar. Om met Wiskunde (Ond) as onderrigmodule van die tweede jaar te mag voortgaan, moet jy dit in jou eerste jaar met minstens 60% slaag.

Nagraadse Onderwysertifikaat (NOS) (1 jaar)

Kies een of verkieslik twee onderrigmodules. Alle onderrigmodules word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. 'n Beperkte aantal studente per module word gewoonlik vereis.

- 'n Graad uit enige ander fakulteit met een of twee vakke waarin jy kan skoolhou. Kyk www.maties.com > Wat kan ek studeer? > Voorgraads > Opvoedkunde
- Vir die onderrigmodules se vereistes, kyk Fakulteit Opvoedkunde se Jaarboek by www.maties.com.



FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Onderrigtaal

Regsmodules word hoofsaaklik meertalig aangebied met beide Engels en Afrikaans wat gebruik word. Alle inligting word in Engels oorgedra met sommige inleidings, opsommings en kernkonsepte in albei tale.

Keuring

Aanzoekers wat aan die minimum vereistes vir 'n program voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne gekeur (kyk www.maties.com > **Aansoek** > **Toelating en keuring**).

LLB (vierjarig) (4 jaar)

- Skryf die NNT's AQL voor einde Junie
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 70% vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 60%

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

LLB (driejarig) (3 jaar)

Nagraads as tweede B-graad.

- Enige B-graad van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit met 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar

BA (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Jy kan die LLB-graad na verdere studie van twee jaar behaal.

- Skryf die NNT's AQL voor einde Junie
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 70% vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans OF Engels Huistaal 60%
- Eerste Addisionele Taal 40%

Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:

- Wiskunde 60%

Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen.

BCom (Regsgeleerdheid) (3 jaar)

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Jy kan die LLB-graad na verdere studie van twee jaar behaal.

- Skryf die NNT's AQL en MAT voor einde Junie
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 70% vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%
- Wiskunde 60%

BRekLLB (5 jaar)

Interfakultêre program: Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

- Skryf die NNT's AQL en MAT voor einde Junie
- 'n Gemiddelde persentasie van minstens 80% vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%
- Wiskunde 70% OF Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70%



FAKULTEIT TEOLOGIE

Die Fakulteit Teologie is 'n ekumeniese fakulteit wat akademiese opleiding in Christelike teologie volgens verskillende konfessionele oortuigings en kerklike tradisies bied.

Onderrigtaal

Lesings en tutoriale word parallelmedium aangebied waar moontlik, anders word lesings en tutoriale in Afrikaans en Engels in dieselfde klasgroep (dubbelmedium) aangebied. Enkele modules word in Engels met intydse tolking in Afrikaans aangebied.

BTh (Baccalaureus in die Teologie) (3 jaar)

- Skryf die NNT's AQL
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)

BDiv (Baccalaureus Divinitatis) (4 jaar)

Dié program bied voorgraadse opleiding in kerklike bediening. Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK-) en Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK-)kandidate volg die BDiv op met die MDiv. NGK-kandidate verwerf ook die Nagraadse Diploma in Teologie (Christelike Bediening). Bedieningskandidate van die Anglikaanse Kerk, Presbiteriaanse Kerk en Volkskerk word deur hul denominasies verder opgelei.

- Skryf die NNT's AQL
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)

Verlengde Graadprogramme (+1 jaar)

Kandidate vir die BTh en die BDiv kan vir 'n verlengde graadprogram in aanmerking kom, wat behels dat die eerste jaar se modules oor twee jaar versprei word.

- 'n NSS-gemiddelde van minstens 55% maar laer as 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Onderhoud met Dekaan of 'n verteenwoordiger



SPESIALE
BEHOEFTE
TAKTIELE PLAVEISEL
VERGEMAKLIK
BEWEGING

